**AGRIBEL BEHEREND BEPERK**
Registrasienommer: 1996/017629/06
("**Agribel**")

**AANDELETERUGKOOP**

Aandeelhouers word hiermee verwys na die aankondiging op 29 April 2026 ingevolge waarvan aandeelhouers in kennis gestel is dat die aandeleterugkoop, soos aangekondig op 1 September 2025 en 8 Desember 2025, ná 30 April 2026 voortgesit sal word teen R10,50 per gewone Agribel-aandeel totdat die R50 miljoen wat vir die terugkoop geallokeer is, ten volle benut is, of tot verdere kennisgewing.

Die raad het besluit om die terugkoopprogram soos volg te wysig:

- Prys: Tussen R12,20 en R14,00 per Agribel-aandeel, afhangend van die heersende prys en die aantal aandele wat in die mark beskikbaar is.
- Kapitaal beskikbaar vir terugkope: R50 miljoen vanaf die datum van hierdie aankondiging (7 Julie 2026) totdat dit ten volle benut is.

Die terugkoopprogram sal in plek bly totdat die kapitaal wat vir die terugkoop toegewys is, ten volle benut is, of totdat die raad die terugkoopprogram wysig of beëindig.

Soos in die verlede, behels die proses dat Agribel Capital (Edms) Beperk, 'n 100%-filiaal van Agribel, gewone Agribel-aandele in die ope mark koop.

Aandeelhouers is nie verplig om aan die terugkoop deel te neem nie.

In opdrag van die Raad van Direkteure.

AE Scholtz
Maatskappysekretaris
Tel. nr. (076) 212 1776
Klerksdorp
7 Julie 2026